KANTOOR VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER
BERGRIVIER MUNISIPALITEIT
POSBUS 60
PIKETBERG
7320

# NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 13 SEPTEMBER 2016 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh EB Manuel | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd Me SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh RM Van Rooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterkomitee |
| Rdl MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

Rdh A de Vries : Speaker

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Mnr JWA Kotzee | - | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr H Kröhn | - | Direkteur Tegniese Dienste (Waarnemende Munisipale Bestuurder) |
| Mnr M Crous | - | Direkteur Finansiële Dienste (Waarnemend) |
| Me A van Sittert | - | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Me J Erasmus | - | Interne Ouditeur |
| Mnr NJ Scheepers | - | Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste |
| Me CC Cloete | - | Senior Tikster |
| Me AA Somers | - | Klerk: Komitee Dienste |

***Die Uitvoerende Burgemeester reël dat 'n In-komitee bespreking met Direksie sal plaasvind. Die volgende amptenare, Bestuurder: Strategiese Dienste, Interne Ouditeur, Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste, Senior Tikster en Klerk: Komiteedienste verlaat die vergadering om 10:00, waarna die vergadering om 11:20 hervat word.***

AKSIE

**BKN001/09/2016**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Raadslid M Wessels open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal by die vergadering verwelkom.

Die Burgemeester vra om verskoning vir die amptenare vir die ontwrigting en bedank hul vir hul geduld.

***

**BKN002/09/2016**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Munisipale Bestuurder – ander munisipale verpligtinge.

***

**BKN003/09/2016**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange, met betrekking tot enige item op die agenda, het nie.

***

**BKN004/09/2016**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING: MAANDAG 17 AUGUSTUS 2016**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die vergadering gehou op Woensdag 17 Augustus 2016 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEEDIENSTE (A SOMERS)***

***

**BKN005/09/2016**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING: MAANDAG 23 AUGUSTUS 2016**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die vergadering gehou op Dinsdag 23 Augustus 2016 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEEDIENSTE (A SOMERS)***

***

**BKN006/09/2016**
**VERKLARINGS/MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER EN DIE WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Voorsitter doen die volgende mededelings naamlik:

- Dat Raadsheer Josephus in die hospitaal is en sterk tans goed aan.

Die Waarnemende Munisipale Bestuurder doen die volgende verklaring/ mededeling naamlik:

- Dat kollega, Johan Engelbrecht se vader oorlede is.

***

**BKN007/09/2016**
**<u>ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS</u>**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN008/09/2016**
**<u>MOSIES / VRAE</u>**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN009/09/2016**
**<u>EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER: KONTRAK VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER</u>** ***(Bylae A)***
**9/1/2**

Die Voorsitter reël dat die item: Kontrak van die Munisipale Bestuurder aan die einde van die gelyste items bespreek word (item BKN019).

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN010/09/2016**
**<u>TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER: PRESTASIE BEOORDELING: SAMESTELLING VAN EVALUERINGSPANEEL – 23 SEPTEMBER 2016</u>**
***(‘n Vervangende verslag soos voorheen elektronies versprei word ter tafel gelê - Bylae B)***
**9/1/2**

Die Bestuurder: Strategiese Dienste gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**<u>Besluit:</u>**

Dat die paneel vir die prestasie-evaluering saamgestel word sonder wykskomitee-verteenwoordiging slegs vir die evaluering wat plaasvind op 23 September 2016.

***BESTUURDER: STRAGEGIESE DIENSTE (23/09/2016)***

***

**BKN011/09/2016**
**<u>DERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER: UITSTEL VAN AFSNYDATUM VIR WYKSKOMITEELEDE-NOMINASIES</u>**
***(Die verslag word ter tafel gelê - Bylae C)***
**9/1/2**

Die Bestuurder: Strategiese Dienste gee 'n bondige agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Die Uitvoerende Burgemeester meld dat hy die aanbeveling goedkeur met dienverstande dat alle Raadslede betyds verwittig word van die wysiging.

**<u>Besluit:</u>**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die verlenging van die sperdatum vanaf 12 September 2016 tot 19 September 2016 vir wyks-komiteelede-nominasies goedkeur.

***BESTUURDER: STRAGEGIESE DIENSTE***

***

**BKN012/09/2016**
**<u>MONTHLY BUDGET STATEMENT: JUNE 2016</u>**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter gee 'n breë agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**<u>RECOMMENDATION: TO BE NOTED BY COUNCIL</u>**

That the Mayoral Committee and Council note the Monthly Budget Statement and supporting documentation for June 2016.

***

**BKN013/09/2016**
**<u>TRANSFER OF FRANK STREET AND PORTIONS OF OTHER ROAD RESERVES IN PORTERVILLE. FRANK STREET</u>**
**15/3/8**

The Portfolio Chairperson gave a brief summary of the item under discussion.

**<u>RECOMMENDATION: TO BE RESOLVED BY COUNCIL</u>**

That Council consent to the transfer of Frank Street and various other portions of road reserves that still form part of the SG Diagram of Erf 1169 Porterville from the registered owner to the Municipality, subject to:

i. the registered owner of Erf 1169 Porterville may not be paid any compensation for the road reserves; and

ii. the cost of the surveying and transfer of the road reserves be paid from the operational budget of Department Planning and Development.

***

**BKN014/09/2016**
**ALIENATION OF A PORTION OF ROAD RESERVE (WIID STREET) ADJACENT TO ERF 4357, PIKETBERG. PB. 4357**
**15/3/8**

The Portfolio Chairperson gave background on the item under discussion.

**RECOMMENDATION: TO BE RESOLVED BY COUNCIL**

1. That the proposed portion of Wiid Street ±175m² in extent, are not required to provide the minimum level of basic municipal services;
2. That Bergrivier Municipality's Council's intention to alienate a portion of Wiid Street ±175m² in extent, be advertised for 14 days for public comment/representation, and if no objections are received against the proposed alienation, proceed with point number 3;
3. That amended of the common boundary between Erf 4357 Piketberg and Wiid Street, in terms of section 24.(1)(c) of Bergrivier Municipality's By-Law relating to Municipal Land Use Planning;
4. That all cost be borne by the applicant including the exemption application, surveying of land and registration thereof; and
5. That the applicant extend or adapt any underground services at their costs, if need be, in negotiation and satisfaction of Director Technical Services.

***

**BKN015/09/2016**
**SAMESTELLING VAN MUNICIPAL PUBLIC ACCOUNTS COMMITTEE (MPAC)**
**12/2/2/1**

Die Waarnemende Munisipale Bestuurder gee kortliks agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Die Voorsitter versoek dat 'n volledige uiteensetting van die finansiële uitgawes vir alle MPAC-vergaderings aan die Burgemeesterskomitee voorgelê word.

**AANBEVELING: VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Raad die lede van die oorsigkomitee (soos genoem) ex officio aanstel as die lede van die MPAC vir Bergrivier Munisipaliteit;

2. Dat die MPAC 'n Artikel 79 komitee uitmaak wat direk die Raad bystaan en aan die Raad rapporteer;

3. Dat die Terms of Reference (TOR) soos vervat in Aanhangsel B goedgekeur word vir gebruik deur die MPAC;

4. Dat die delegasies soos vervat in Aanhangsel C goedgekeur word as delegasies aan die MPAC en in die delegasie register van Bergrivier Munisipaliteit aangebring word;

5. Dat mnr N Stevens aangewys word as Voorsitter van die MPAC;

6. Dat die komitee onderhewig is aan die Verordening vir die Hou van Vergaderings van Bergrivier Munisipaliteit;

7. Dat die vergaderings van MPAC oop is vir die publiek en op die jaarlikse goedgekeurde kalender van die Munispaliteit as sulks geadverteer word;

8. Dat die MPAC finansieel en administratief ondersteun word deur Bergrivier Munisipaliteit en dat die Raad ingelig word van die volle finansiële uitgawes en kennis neem dat die addisionele finansiële implikasies, soos vervat in paragraaf 5, reeds voor begroot is in die 2016/2017 finansiële jaar en jaarliks voortaan begroot sal word; en

9. Dat die Direkteur Korporatiewe Dienste gemagtig word om sekretariële dienste aan die MPAC te verskaf en poog om die elektroniese verspreiding van dokumente moontlik te maak aan alle MPAC lede.

***

**BKN016/09/2016**
**<u>RAADSHEERSKAP/RAADSDAMESKAP: WYSIGING VAN BELEID</u>**
**3/B**

Die Waarnemende Munisipale Bestuurder lei die item in onder bespreking.

**<u>AANBEVELING: OORWEGING DEUR DIE RAAD</u>**

Dat die gewysigde beleid ten opsigte van die toekenning van die titel Raadsheerskap/Raadsdameskap aanvaar word.

***

**BKN017/09/2016**
**<u>NUWE LEDE: OUDITKOMITEE EN PRESTASIE OUDITKOMITEE</u>**
**12/2/2/1**

Die Waarnemende Munisipale Bestuurder gee 'n breë opsomming met betrekking tot die item onder bespreking.

**<u>AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

1. Dat die Raad kennis neem van die aansoeke wat ontvang is vir die vakature op die Ouditkomitee en Prestasie Ouditkomitee; en

2. Dat Mnr C De Jager aangestel word as lid van die Bergrivier Munisipaliteit se Oudit – en Prestasie Ouditkomitee met ingang vanaf 1 Oktober 2016 vir 'n periode van drie (3) jaar vir sy besonderse vaardighede as Geoktrooieerde Rekenmeester.

***

**BKN018/09/2016**
**<u>PRESTASIE BEOORDELING: SAMESTELLING VAN EVALUERINGSPANEEL – 23 SEPTEMBER 2016</u>**

Sien notulering by item **BKN010**.

***

**BKN019/09/2016**
**<u>HERNUWINGSKLOUSULE AS ADDENDUM TOT DIE DIENSKONTRAK VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER</u>**
**9/1/2**
***(Die verslag word ter tafel gelê)***

Die Uitvoerende Onderburgemeester gee 'n breedvoerige agtergrond en opsomming van die verslag en gaan puntsgewys deur die aanbeveling vir oorweging deur die Burgemeesterskomitee.

Die Burgemeesterskomitee reël dat die paragraaf in die verslag wat verwys na Swartland Munisipaliteit geskrap word.

**<u>AANBEVELING:VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD</u>**

Dat die Raad die hernuwingsklousules deel maak van die Munisipale Bestuurder se vaste termyn dienskontrak as 'n nuwe paragraaf

*3.4.1. "terwyl die werknemer die pos van Munisipale Bestuurder by Bergrivier Munisipaliteit beklee en die pos nog nie vakant geraak het nie, kan die werkgewer na die 2016 munisipale verkiesings die werknemer as Munisipale Bestuurder aanstel vir 'n verdere termyn van vyf (5) jaar aaneenlopend en opvolgend op die datum gemeld in paragraaf 3.1 van die dienskontrak;* en

*3.4.2 "die Uitvoerende Burgemeester die aanstelling, al dan nie, aan die Munisipale Raad aanbeveel gebaseer op die laaste beskikbare formele voljaar prestasie-evaluering van die Munisipale Bestuurder se prestasie gelewer* onderskeidelik deur die goedkeuring van die aangehegte Addendum tot haar kontrak.

***

**BKN020/09/2016**
**HERNUWING VAN DIE DIENSKONTRAK VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER**
**9/1/2**
***('n Elektroniese verslag word voorgehou vir bespreking)***

Die Uitvoerende Onderburgemeester hou die hernuwing van die dienskontrak van die Munisipale Bestuurder aan die Burgemeesterskomitee voor en lees puntsgewys die aanbeveling voor vir oorweging.

Voorts meld die Uitvoerende Onderburgemeester dat die onderstaande aanbeveling met in begrip van die hernuwingsklousule (punt BKN019) voorgelê moet word aan die Raad vir oorweging/besluitneming en word so deur die Burgemeesterskomitee eenparig aanvaar.

**AANBEVELING:VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die dienskontrak van die Munisipale Bestuurder hernu word vir 'n verdere vaste termyn periode van tot maksimum vyf (5) jaar (maar nie langer nie as een jaar na die verkiesing van die volgende raad van die Munisipaliteit nie);

2. Dat die termyn 'n aanvang neem op 16 Augustus 2017 (huidige dienskontrak van die Munisipale Bestuurder eindig 15 Augustus 2017) en strek strek tot en met een (1) jaar na die verkiesing van die volgende raad van die munisipaliteit in terme van art 57(6)(a) van die Stelselswet;

3. Dat die Uitvoerende Burgemeester gemagtig word om 'n dienskontrak met die Munisipale Bestuurder te finaliseer onderhewig aan die bepalings en voorwaardes vervat in wetgewing (en bygestaan deur die Direkteur Korporatiewe Dienste en Direkteur Finansiële Dienste);

4. Dat 'n hernuwingsklousule ingesluit word in die dienskontrak;

5. Dat die Munisipale Bestuurder kontraktueel tot beklieër behou word na 16 Augustus 2017, maar dat haar jaarlikse salarisaanpassing beperk word tot 2,5% totdat die "upper limits" hoër is as haar vergoeding ("total cost to company" plus die normale Bedingingsraad jaarlikse lewenskoste aanpassing); en

6. Dat die MEC vir Plaaslike Regering in die Wes-Kaap in kennis gestel word van hierdie besluit.

***

**BKN021/09/2016**
**APPLICATION FOR DEPARTURE/CONSENT USE: ERF 2926 PORTERVILLE PTV.3926**
**15/3/8**

The Portfolio: Chairperson gave a brief summary of the item under discussion.

**RESOLUTION:**

1. That the application in terms of section 15 of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance 15 of 1985) for temporary departure/consent use in order to operate a house shop from the proposed extension to dwelling house ±21.60m² in extent on Erf 2926, Porterville, 22 Hendrick Crescent, be **refused,** because:

a) The proposed house shop exceeds the permissible floor space prescribed in the land use description for house shop in terms of Bergrivier Integrated Municipal Zoning Scheme By-Law, for which no departure may be granted.

b) Allowing an additional house shop within a radius of 150m from three approved house shops, will have an negative impact on the primary residential character of the area, and

c) Residential areas are for primary residential purposes, allowing an additional house shop within 150m radius of three approved shops, can have a negative impact on property values of surrounding owners, and existing rights should be respected above additional rights.

***MANAGER: PLANNING & DEVELOPMENT***

***

**BKN022/09/2016**
**NOTULES VAN DIE WYKSKOMITEES VIR KENNISNAME**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN023/09/2016**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**

Geen

***

**BKN024/09/2016**
**IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN025/09/2016**
**IN KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN026/09/2016**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING/KENNISNAME**

Geen

***

**BKN027/09/2016**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING/ KENNISNAME**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 11:55***

***BEKRAGTIG AS 'N WARE WEERGAWE VAN DIE VERRIGTINGE***

___________________________ ________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***